

GEMEENSKAPSNUUS

BLOUBUL EET NIE VAN DIE GROND AF NIE...

Met 'n traan van verlange dink ek aan oupa Dup met sy Ford 5000 wat sy morge omgekeer het om mielies vir die winter staan te maak – sy mowwe moet die winter deurmaak en die melkkoeie moet ook daardie ietsie bykry sodat die “separator” kan sing.

Ja, die buurman, oom Daantjie, het die “separator” al singende gedraai – in die begin het hy geneurie “Prys die Heer” en sodra die spoed opgetel het, het hy oorgeskakel na “Perdeby jy moet jou neukery laat staan”!

Dit was die jare voor “Melk is Melk” die wagwoord geword het en die boer en sy werkers geleef het van die tjekkie wat die Ko-operasie maandeliks in sy posbus gestuur het. Ai, vandag is daar nie meer melkboere oor nie en al wat oorbly is 'n Poskantoor wat se diens ook nie eintlik meer bestaan nie – die tjekkie sou in elk geval seker twee maande laat gewees het.

Die Ford 5000 was seker daardie jare 'n winskoop teen R3600 – dit is nou 50 jaar later.

Ontmoet onlangs een van Ford se “grootkoppe” van daardie tydperk en hy reken hulle moes darem die prys bietjie hoër gemaak het. Hulle sou in elk geval nog 'n topverkoper gehad het. Vandag is 'n gebruikte Ford 5000 nog beskikbaar teen sowat R70 000.

'n Stukkie geskiedenis van Hoopstad – 'n boer, oom Koos Jooste, het in die sewentiger jare op een slag 50 Ford 5000 trekkers gekoop teen 'n koste van

R180 000.00. Dit was 'n merkwaardige dag toe al 50 trekkers in Hoopstad se hoofstraat gestaan het.

'n Ford trekker TT75 met gelykstaande kW teen vandag se koste beloop sowat R265 000. Vandag betaal 'n boer seker R13 250 000 vir 50 trekkers. Sou die boer groot 200 kW trekkers TA8330 met dieselfde kW van 50 trekkers koop, sal hy bykans 13 trekkers moet koop teen

R2 500 000 stuk. Dit beloop R32 500 000.

Oom Koos Jooste was 'n merkwaardige boer wat begin het deur lande te huur en so goed vooruitgegaan het dat hy later sy eie grond gekoop het. Hy het baie jare later 16 000 ha geploeg en voerkrale gehad met 13 000 beeste.

*Time gentlemen
Tom Watson*



Oom Koos Jooste neem in Hoopstad se hoofstraat besit van die 50 trekkers en word gelukkig deur Henning van Aswegen, die Ford handelaar. Boeta Michiel wat die besonderhede met my gedeel het, se gesig het gestraal van verlange toe hy so ver oor die weste staar waar die son elke dag sak. Kan nie besluit of die verlange huiswaarts of trekkers is nie!



Erfenisdag

24 Sept. 2020 10:00

AfriForum hou 'n bring-en-braai by die Heilbron Museum.

Braaivuur asook pap en sous word voorsien EN ons gaan bome plant!

Verskeie oudhede gaan uitgestal word. Kom geniet die dag saam met volksgenote!

Herald
Office National
058 852 3033
finance@heilbronn.co.za
www.heraldofficenational.co.za

| | | |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|  Swivel & tilt mechanism, BIFMA Level 3 gas lift R1480 (incl. VAT) ETON |  Memory foam seat, BIFMA Level 3 gas lift R2095 (incl. VAT) STUDIO |  Memory foam seat, Swivel & tilt mechanism R2095 (incl. VAT) COMO |
|  Memory foam seat, Swivel & tilt mechanism R1750 (incl. VAT) NORWAY |  Lumbar support, Memory foam seat, Adjustable armrests R2600 (incl. VAT) SIGMA |  Memory foam seat, Swivel & tilt mechanism R1990 (incl. VAT) NEO |

QUALITY FOR LESS!

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.



Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Up To All Scanning Now Available



Herald

COOL BUFFS



Herald
YOU IN FOREHEAD
RBS